

REDAKSIONEEL

'n Feesvierende menigte

Erediens. Wat hou dit in? Waar kom dit vandaan? Die Bybel gebruik die woord nêrens nie. Die naaste daaraan vind ons in Romeine 12:1 "dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdienst". As ons hierdie voorskrif bekyk en met die res van die Bybel vergelyk, kom dit regstreeks uit die denkklimaat van die Ou Testamentiese kultusdiens. By die tempel, as die sentrale heiligdom, moes al die offers, feeste en seremonies volgens vaste voorskrifte uitgevoer word.

Die woord erediens is een van die benaminge wat vir die samekomste van die gemeente gebruik word. Die term erediens beklemtoon veral die aanbiddingselement (Engels – *worship*). Die spesifieke gedagterigting ontlok tereg groot besware. Die samekomste van die gemeente omvat veel meer as aanbidding. In Handeling 2:42-46 word verskillende praktyke van die eerste Nuwe Testamentiese gemeente in Jerusalem genoem. Hulle het:

- volhoudend gehoorsaam gebly aan wat die apostels geleer het
- getrou gebly om geloofsgemeenskap met mekaar te beoefen
- volhoudend tot God gebid
- na mekaar se liggaamlike behoeftes omgesien
- die sakramente bedien.

Hulle het daagliks by die tempel sowel as by mekaar aan huis saamgekom vir die onderhouding daarvan. Die gemeente moet mekaar, vervuld met

die Gees en onder die ryke inwoning van die Woord van Christus, leer en vermaan met psalms, lofsange en geestelike liedere (Kolossense 3:16, sien ook 1 Korintiërs 14, Efesiërs 4, 1 Timoteus 4 en 2 Timoteus 4).

In die vroeë Nuwe Testamentiese gemeentes was daar nie 'n vaste liturgiese orde nie. Eers by die uitvoering van so 'n orde van aktiwiteite het dit die naam erediens, soos ons dit vandag ken, gekry. In die Nuwe Testament word 'n verskeidenheid van samekomste van die gemeente genoem. Die inrigting van die samekomste was sterk geskoei op die samekomste in die sinagoges. Treffend: die praktyk om 'n sinagogediens in aansyn te roep en volgens 'n sekere orde in stand te hou, is nêrens deur die HERE beveel nie. Tog het die Here Jesus, tydens sy aardse lewe, voluit hierby ingeskakel en sin daaraan verleen; so ook sy apostels in die verdere verbreiding van die evangelie en die vergadering van gemeentes. By die sinagoges was die inrigting sterk ingestel op die gebeure wat daagliks en jaarliks by die tempel in Jerusalem moes plaasvind. Die samekomste het hulle besondere momente van onder meer votum, seëngroet, verskeie Skriflesings, prediking en gebed gehad.

Alhoewel die kultiese seremonies van die tempeldiens nie tydens samekomste in die sinagoges uitgevoer is nie, het hulle dit wel gebruik om hulle lewens volgens die ware inhoud daarvan in te rig en hulle geloof daarop te grondves (NGB artikel 25).

'n Reusesprong is sedert daardie tyd gemaak. Toe het die voorlesers en predikers vanaf handoorgeskrewe rolle die Bybelteks aan die gemeente voorgelees. Die gemeente kon dit alleen in herinnering vashou as hulle dit uit die hoof geleer het. Vandag het elke individu op verskeie wyses (in vertaalde vorm op skrif, oudio-visueel, elektronies) self toegang tot die Bybel. Hierdie ontwikkeling bring noodwendig mee dat die inkleding van die samekomste van die gemeentes deur die eeue verreikende aanpassings ondergaan het. Gemeentelike of kerklike samekomste is vanweë ons moderne kommunikasie- en vervoertegnologie nie meer vasgevang of beperk tot mense in 'n afgeslote geografiese gebied nie. Al is ons samekomste geskoei op die liturgiese aspekte van die sinagoges van ouds, het die inrigting daarvan tog aangepas in harmonie met ons omstandighede.

Wat is 'n erediens? Hoe verskil dit van 'n Bybelstudiegroep en 'n

REDAKSIONELE NOTA

Een van ons medewerkers, ds ALA Buys, het op Maandag 19 April sy doktorsgraad in die teologie aan die Universiteit van die OVS verwerf. Ds Buys se proefskrif handel oor die kerkbeskouing van prof K Schilder. Ons wens hom van harte geluk met sy promovering, en is die Here dankbaar dat Hy vir hom die krag gegee het om sy studie te voltooi.

INHOUD

- 1 Redaksioneel
'n Feesvierende menigte
- 2 Skrifoorndenking
Die bewaarders se geopende deur
Ds RA Bain
- 4 Aktueel
Hoe die Afrikaner die deur vir Elia oophou
Dr ALA Buys

- 7 In die koninkryk
Die Alfa en die Omega
Dr JG Meijer
- 8 Medies
Die christen as verpleegkundige
Prof JM Boon
- 11 Uit die geskiedenis
John Knox die galeislaaf
Prof VE d'Assonville

- 11 Persskou
• **Sien is glo**
• **En as jy nie 'sien' nie?**
Ds GJ Meijer

kerkraadsvergadering? Meer ingrypend: Hoe verskil 'n erediens van 'n omgeegroep, 'n selgroep, 'n jeugsangaand, 'n moderne Nederlandse "God-fashion" of van kinderkerk? Waarom is eredienste verpligtend en die nalating daarvan tugwaardig, terwyl Bybelstudies en ander samekomste opsioneel en vrywillig is?

Vir sommige is 'n erediens daardie spesiale samekoms van die gemeente waar daar 'n vaste orde van items, soos in die sinagoge van ouds, plaasvind. Hierdie spesiale samekoms word dan gesien as die enigste verpligte samekoms; as lidmate nalaat om dit by te woon, moet hulle onder sensuur kom. Indien die samekoms dan nie op die vaste orde van gebeure ingerig word nie - veral as dit nie deur 'n predikant gelei word met die hande opgehef deur 'n aanvangseën geopen en met 'n slotseën geëindig word nie - is dit geen erediens nie. Dan is dit hoogstens 'n godsdiens oefening.

Hierdie onderskeidings kom nie tussen die verskillende samekomste van die Nuwe Testamentiese gemeentes voor nie. Uit al die verskillende Skrifgedeeltes wat oor samekomste van die gemeente handel, kan ons sekere afleidings maak. Die gemeente kom saam:

- voor die aangesig van die Here
- om deur die Here uit sy Woord onderrig te word (Skriflesing, psalmgesang, prediking)
- om met die Here in gebed te verkeer
- om die sakramente ter versterking van die geloof te gebruik
- om die geloofsgemeenskap te beoefen in onderlinge meelewing, vertroosting, vermaning, diens van barmhartigheid.

Hierdie samekomste moet veral op die feesdag (rusdag, Sondag) meermale geskied, maar behoort ook deur die week op verskillende plekke en tye plaas te vind. Wie

huisgodsdien nalaat, is net so skuldig aan erediensversuim as iemand wat die oggend- of aanddiens verpas.

Die gemeentelike samekoms met die Here en met mekaar het reeds in die kleine by Adam en Eva in die paradys en by Kain en Abel in hulle offerdiens begin. Sedert die tydperk van die aartsvaders het dit in die geskiedenis van die volk van Israel tot 'n seremoniële kultusdiens verword wat in Christus vervul is. Na Christus se opstanding uit die dood en sy hemelvaart, vergader Hy sy gemeentes op alle plekke deur sy woord en Gees om onderlinge byeenkomste te hou en om in Gees en waarheid te aanbid. Terwyl ons hiermee besig is, wag ons met reikhalsende verlange om by die wederkoms van Christus deel te mag wees van die feesvierende menigte. Dit is die menigte wat in Sion voortdurend voor sy aangesig vergader en in sy heilige lig wandel, lewensbly.

SKRIFOORDENKING

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

Die bewaarders se geopende deur

Openbaring 3:7-13

Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Waarom moet ons so kibbel oor die wyse waarop ons die Here aanbid? Aanbid almal nie maar dieselfde Here op verskillende maniere nie? Maar dit is nie die vraag aan die kerk van die Here nie. Die vraag is nie óf nie. Die vraag is hóé. Hoe aanbid sy kerk Hom?

In Klein-Asië was daar sewe gemeentes wat elkeen die Here aanbid het. Verskillende gemeentes, sommiges groot en ander klein, sommiges ryk en ander weer arm, sommiges in aansien by die wêreld en ander vervolgd. Sommiges het hulle eerste liefde verlaat, sommiges was lou, sommiges was morsdood. Hulle is egter almal kerk genoem.

Niemand sou daarvoor stry dat hulle vir Jesus Christus aanbid nie, maar elkeen se werke was nie dieselfde nie.

Telkens sê Christus vir die sewe gemeentes: Ek ken jou werke. Jou werke getuig van die wyse waarop jy My aanbid. Vir die gemeentes vra Christus nie óf jy My aanbid nie, maar hóé jy My aanbid. Dit handel hier spesifiek oor die tweede gebod.

In die aanhef van die brief sien ons die liefde van die Here vir hierdie klein en swak gemeente. In Christus se Naamsaankondiging openbaar Hy Wie Hy is en in watter verhouding die gemeente tot Hom staan. Die aanhef van die sewe briewe is die sleutel om die briewe te verstaan. Hier begin die Here Jesus met die woorde: Ek is die Heilige en die Waaragtige. Dit is verbondstaal.

Die Heilige van die verbond. Ek is die Heilige wat die sonde en die sondaar verteer. Maar Ek is ook die Heilige wat julle aan My met 'n bloedverbond gebind het, waar Ek Self die offer is. Ek is ook die Waaragtige van die verbond. Hierdie woord vir waaragtig gryp terug op God se goedertierenheid. Die Heilige en Waaragtige sal sy kerk in Filadelfia,

op grond van sy troue verbondsliefde, sy goedertierenheid, nie loslaat nie.

Die Christusopenbaring gaan verder. Eljakim het die sleutel van Dawid se paleis gehad. Niemand kon die skatkamers sonder sy toestemming binnegaan nie. Die sleuteldraer het 'n posisie van mag en gesag gehad. Christus noem Homself die groot Sleuteldraer. Alles is in sy hand. Hy deel die skatte van God se genade uit. Hy sluit die skatkamers van God oop, Hy alleen. Die sleutel is sy eie bloed. Hy deel die skatte deur sy Woord en Gees uit.

Dan volg daar drie beloftes van die Sleuteldraer vir Filadelfia: 'n geopende deur, die erkenning dat Christus hulle liefgehad het en bewaring in beproewing. Ons let veral op die eerste belofte.

Die geopende deur van Filadelfia was anders. Die Sleuteldraer gee Self hierdie geopende deur. Baie kerke se deure is oop na die wêreld, maar dit is nie deur die Heilige en Waaragtige gegee nie. Dit is oop na die wêreld terwyl die heilige en waaragtige

verbond vergeet word. Dit is oop na die wêreld sodat sekularisasie die kerk binnedring. Die geopende deur wat mense gee is vermenging met afgodiese denke en die aanvaarding van wêreldse ideologieë. So word die geopende deur 'n poort waardeur die wêreld die kerk binnestroom.

Filadelfia se geopende deur is juis anders en omgekeerd. Die wêreld vaar die kerk nie binne nie, maar die gelowiges haas hulle met forse skrede na buite om te sê dat Christus die Heilige en Waaragtige is. Die geopende deur is Christus wat vir hierdie klein groepie gelowiges die wêreld instuur om die evangelie te verkondig. Die relevansie is nie die wêreld in die kerk in nie, maar die kerk die wêreld in. Dit is ware relevansie - waar die evangelie onvervalsd aan die wêreld gebring word.

Die geopende deur val 'n mens op. Moet dit nie juis die groot en invloedryke gemeentes wees wat die geopende deur kry om die evangelie te verkondig nie? Wat van Efese of Laodicea? Die Here gee twee keer die rede waarom die gemeente van Filadelfia hierdie beloftes ontvang, ook van die geopende deur. Hulle het sy Woord bewaar en sy Naam nie verloën nie.

Maar is dit dan al? Is dit nie dat hulle groot invloed in die stad gehad het nie? Is dit nie dat hulle die Here met hulle rykdom gedien het nie? Is dit nie dat hulle dalk talle wonderwerke in sy Naam gedoen het nie? Was dit maar net die bewaring van sy Woord in moeilike omstandighede?

Christus se opdrag is eenvoudig. Hy vra niks meer van sy kerk en niks anders as dat sy die Woord moet bewaar en sy Naam nie moet verloën nie. Hierdie woord vir bewaar het verskeie betekenisnuanses. Dit dui op noukeurig bewaak. Dit dui op vashou soos 'n mens iets kosbaars vashou. Dit dui daarop om iets te beskerm. Verloën dui op die druk wat mense op hulle geplaas het om Christus te verwerp.

Filadelfia het vir Christus as die Heilige en Waaragtige voor oë gehad. So het hulle die Woord bewaar. Ons tas die heiligheid en waaragtigheid van die verbond nie aan nie. Daarom tas ons sy heilige en waaragtige Woord ook nie aan nie. Ons buig daarvoor, ons gehoorsaam dit. Dit is die suiwer leer en belydenis van die Woord.

Daar is nog leidrade in die brief oor wat die bewaring van die Woord sou beteken. Die gemeente was in stryd met die Jode. Hierdie stryd het altyd gegaan oor die evangelie wat van die Messias getuig. In vers 10 staan daar

dat hulle die woord van sy lydsaamheid bewaar het. Van 'n lydende Messias wat moes volhard wou die Jode niks weet nie. Vir 'n Koning wat moes sterf aan 'n kruis het die Jode geen tyd gehad nie. Maar hierdie klein gemeentetjie het onverskrokke vasgehou aan die genade-evangelie; die woord van sy lydsaamheid.

Filadelfia met sy min krag het nie maar gesê ons aanbid die Here soos ons goeddink nie. Die groot opdrag was dat ons sy Woord nougeset moet bewaar. Hulle bewaar die Woord deur vas te hou aan die suiwer leer en belydenis van die evangelie van genade; die woord van sy lydsaamheid.

Waar sy Woord bewaar word sal die kerk altyd bestaan, tot in ewigheid, want die Sleuteldraer se troue verbondsliefde is oneindig groot. Al is die kerk hoe klein en hoe swak, sal sy bestaan, want waar die Woord is, is die kerk. Waar die Woord bewaar word sal daar altyd 'n geopende deur wees. Die Woordbewaarders kry die taak van Christus om die evangelie te verkondig. Ook in die uur van beproewing sal Hy sy kerk vashou terwyl Hy aan die ander die krag van die dwaling stuur. Uiteindelik sal hulle moet erken dat Hy ons liefgehad het met sy lewe.

Die ryk van die antichris kom. Vir sy aanbidders stuur God die krag van die dwaling. Vir hulle is die groot struikelblok die bewaring van die Woord; nie getalle en organisasie en groot aksies en dinamiese eredienste nie. Die groot struikelblok is nie die tipe relevansie wat die wêreld in die kerk toelaat nie. Diegene wat die Woord bewaar is die doring in die vlees. Diegene wat juis nie die wêreld by die geopende deur laat instroom nie, is die angel in die voet. Vir hulle wil hy uitdelg. Vir hulle gaan hy vervolg.

Die antichris werk van binne. Hy pluk nie aan die deur van buite af nie. Hy stoot van binne af. Die groot aanslag is van binne. Maak die deure oop sodat die wêreld die kerk kan instroom. Ons moet tog relevant bly. Moenie so bang wees vir die wêreld in die kerk nie. Ons almal dien die Here maar op ons eiesoortige manier. As ons in pas is met die wêreld se beskouings van reg en geregtigheid, van menswaardigheid en gelykheid dan is ons mos relevant.

Bring terug die simbole in die kerk, want die post-moderne mens wil dit so hê. Los die belydenisskrifte want dit is outyds. Sing gerus die Skrifgetroue lied in die erediens want dit is nie hóé jy die Here dien in jou sang nie, maar óf jy Hom dien. Die ergste

is die evangelie van moralisme en humanisme wat uit die monde van kerkmense borrel. Die evangelie wat veranker is in vrede met ander godsdienste en respek vir die afgode. Die evangelie van boekies en dagstukkies en kaartjies en gediggies om my beter te laat voel oor myself.

'n Evangelie waar God nie meer toorn oor die sonde nie. Die evangelie waar God moet buig voor my behoeftes. Maar die evangelie van Christus se volstreekte genade oor ons volstreekte sonde is weg. Die evangelie van die Heilige en Waaragtige wat van sy kerk getrouheid aan sy Woord eis word vervang met die evangelie waar die waarheid 'n saak van interpretasie is en nie meer van openbaring nie. Die genade-evangelie verdwyn. En dan, wie maak die deur vir wie oop? Wie bestorm dan vir wie? Wie vaar vir wie binne? Dit is nie die geopende deur wat die Sleuteldraer gee nie.

Die bewaarders van die Woord kry tog 'n geopende deur. Dit is nie aanmatigend om bewaarder van die Woord te wees nie. Dit is nie 'n ereterm wat 'n mens aan jouself toedig nie, maar God se opdrag. Ons moet dit wees.

Waar die Woord bewaar word moet die deure oop. Die deure kan nie toebly nie. Jesus Christus maak self die deur oop en sê: gaan. As Christus aan ons die suiwer Evangelie toevertrou het dan mag ons dit nie net in die kerk predik nie, maar ook daarbuite. Al is ons krag hoe min, al is ons hoe klein, al is ons hoe swak, Hy maak die deur oop.

Wie is ons dan om te bly sit? Wie is ons om nie uit te gaan nie? Die Heilige en Waaragtige Sleuteldraer eis saam met die bewaring van sy Woord dat ons by die geopende deur sal uitgaan en sy heiligheid en waaragtigheid sal verkondig. Dat ons sal verkondig dat daar maar net Een Sleuteldraer is wat die skatkamers van God se genade kan oopsluit.

Ja, ons bestry die antichris deur die Woord van God te bewaar, deur die dwaling van binne en van buite te bestry. Tog eindig dit nie daar nie. Daarom is dit nie maar 'n blote gekibbel oor die wyse waarop ons God moet dien nie. Wie die Woord nie bewaar nie, het niks om te gaan verkondig nie. Die Woordbewaarders kry die taak om die evangelie onvervalsd te gaan verkondig. Wie gereformeerd is, verstaan wat dit beteken - die Woord alleen. As ons dit bely en dit doen ontvang ons deur sy genade 'n geopende deur.

Hoe die Afrikaner die deur vir Elia oophou

Die Here Jesus het met die derde beker van die pasga-ete die nagmaalbeker ingestel. Die derde beker het as die "beker van danksegging" bekend gestaan. Die pasgamaaltyd het vier bekere gehad; of liever, die wynbeker is vier keer gebruik. Die vierde beker is ingeskink, maar nie gedrink nie. Die beker is vir Elia uitgehou. Die deur van die huis is dan ook oopgemaak, ingeval Elia sou opdaag om die pasga mee te maak. 'n Belangrike seëning is by die vierde beker vir Elia uitgespreek of afgebid - tydens die twaalfde en dertiende handeling¹ by die pasga, by die *Bareeg* en *Hallel*, of die danksegging en loflied na die ete. Dan is gebid: "Mag die Barmhartige ryke seëninge stuur op hierdie huis en op die tafel wat ons geëet het. Mag die Barmhartige die profeet Elia stuur wat aan ons die blye boodskap van redding en genade bring".

Die tweede Elia

Jesus, die Christus, verander die pasgahandeling deurdat hy nie die vierde beker vir Elia inskink nie. God het in Maleagi die tweede Elia² belowe wat die Messias sou aanwys. Jesus Christus verklaar Self voor daardie laaste pasga-ete dat Johannes die Doper die tweede³ Elia is. Johannes die Doper is die laaste⁴ Ou Testamentiese profeet. Sonder om die beker vir Elia in te skink en sonder om die deur vir Elia oop te los, word die laaste *Hallel*-liedere⁵ deur Jesus en sy dissipels gesing terwyl hulle self by die oop deur na die Olyfberg uitgaan⁶. Elia, dit is Johannes, het reeds gekom, die Messias is reeds aangewys.

Die boodskap van Johannes, die tweede Elia, dat die hart van die vader na die kind teruggebring sal word, en *vice versa*, is reeds gepreek. Geen geskinkte vierde beker by die laaste pasga nie. Geen ongedrinkte vierde beker nie. Geen deur word oopgelos vir Elia nie. Daar is slegs die onderskepte derde beker van danksegging wat die Nuwe Testament profeties in die bloed⁷ van Christus aankondig. Elia kom nie by die oop deur in nie. Jesus gaan as Messias uit die oop deur, singend, profeties na

die Olyfberg, na Getsémane, na Golgota.

Op Golgota duik die naam van Elia⁸ skielik weer op. Dit sou klink na 'n Aramese hoorfout by die aanhorders, maar dit is nie. Dit is 'n sataniese versoeking⁹ van die toeskouers. Hoe verskriklik is die versoeking tot in die hel nie: dat Jesus, die Messias, verlei word om ook 'n Messias-verwagting te moet hê. Die toeskouers ken en onthou die rye ongedrinkte vierde bekere by al die vorige pasgas. Hoeveel keer het hulle nie na die oop deur getuur of Elia nie dalk hierdie keer sou inkom en saam met hulle sou feesvier nie.

Die Messias se messiasverwagting?

"Wag, laat ons sien of Elia kom..."
Wag. Wag. Wag. Jesus hoor terwyl hy in die hel is, lewend aan die kruis, dat Hy ook maar nog moet wag, wag vir sy verlosser, wag op sy Elia. Wag vir Elia. Moenie by die deur uitgaan nie. Wag, en los die deur vir Elia oop. Jesus Christus word versoek deur die kerk van die Ou Testament, die Joodse omstanders, die verbondelike aanskouers van die kruis, die toeskouers sonder insig, die wagtende kerk, die uitstellende kerk, die uitskelende kerk, wat die Messias versoek om self maar vir 'n messias te wag. Hy het Hom misgis met die laaste *Hallel*. Hy was te oor-haastig om hulle te laat hoor dat Elia reeds gekom het. Sy eksegesië van die Vader was foutief. Dit steek alles in hulle goddelose afwagting vas.

"Wag, laat ons sien of Elia kom..."
As Elia nog moes kom, dan was Jesus se sterwe geen messiaanse daad nie. Dan was dit voorbarig voortydige openbaring. Die oproep tot 'n wagt tydperk sny tot op die been van Jesus se roeping as Christus. Sy taak om Verlosser te wees, op daardie oomblik, sy taak om die kerk te red, word in twyfel getrek. Die Jode vermoor Hom oor sy uitspraak dat Hy die Seun van God is. Nie die feit dat Hy mens is word hier in twyfel getrek nie, maar sy wete dat Hy wel God is. Elia se boodskap dat die hart van die Vader

na die Seun teruggebring sal word, en omgekeerd - daaraan moes Hy twyfel. Glo Jesus, die mens, dat Hy tegelyk God is in die hel aan die kruis? Hoe duiselingwekkend is hierdie afrond dat 'n stomme mens daardie vraag nie ten volle kan begryp nie. God is enig. Uniek en een. Tog skreeu die Seun van die mens: My God, my God waarom het U my verlaat? Eli, Eli. Is dit nie dalk 'n pasga-gebed vir Elia wat daar opklink nie? Wag, wag laat ons kyk ...

Jesus Christus word tot in die hel versoek om te ontken wat Hy is; Wie Hy is; Jesus, die Gesalfde, die Seun van die lewendende God. Dat die Skepper sy Vader is, daaraan moet Hy twyfel, aan sy eie Kindwees en Seunskap. Hoe sou verlossing moontlik wees as daar twyfel oor die Seunskap by die Seun bestaan? Wag vir Elia, wag vir 'n Elia ... Die dieptepunt van die versoeking is dat Jesus Christus deur sy mensheid aan sy eie Godheid twyfel, sodat Hy sy roeping moet uitstel. Hulle skel die woorde: "laat ons sien of Elia kom om hom te verlos". O sataniese gedagte - dat die Verlosser self verlossing nodig het! Dat die Roeper roepingloos moet word. Dat die twyfel 'n roepingswagtyd oproep. Wie vir Elia wag, verwag ná hom die Messias. Wie nie weet dat Elia al gekom het nie, sal die ware Messias nie raaksien nie. Wie nog vir die tweede Elia wag sal sy

- 1 Vgl SJMS Smit (2003:20) *Hagaddah – Pasga praktyk*. Ongepubliseer.
- 2 "Ky, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie." Mal 4:5-6.
- 3 "Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elia wat sou kom." Mat 11:13-14.
- 4 "Die wet en die profete was tot op Johannes" Luk 16:16.
- 5 Ps 115-118.
- 6 "En nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg." Mat 26:30.
- 7 "Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgesort word tot vergifnis van sondes." Mat 26:28.
- 8 "En sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: Ky, Hy roep na Elia." Mark 15:35.
- 9 "Maar die ander sê: Wag, laat ons sien of Elia kom om Hom te verlos." Mat 27:49.

roeping nie tot en met die wederkoms nakom nie. Wie vir Elia wag het geen roepingsbesef meer nie.

Afrikaanse Joodse sonde

Skink die Afrikaners die vierde beker vir Elia in? Wag hulle nog vir 'n messias? Staan die volksdeure oop in afwagting op Elia? En hoe lyk sulke deure?

Dit klink na onregverdigde kerkvrae op die volksakker. Sou die Afrikaner skuldig wees aan 'n Joodse sonde? Moet die vraag nou juis só gevra word? Wag die Afrikaner, as volk, nog op Elia? Moet dit nie eerder wees: wag die kerk, wag ek, wag my huis, wag ons, nie dalk nog op Elia nie? Dit is 'n mooi greep, maar moet dit nie met so 'n volksvraag bederf nie. Natuurlik is dit ook 'n kerkvraag, 'n gemeentelike vraag. Hierdie vraag gaan egter oor roeping. Die amp van die gelowige strek oor die hele lewe van die mens - ook sy volkslewe. Waarom dan die Afrikaner-vraag? Omdat dit tans gruwelik verwaarloos word. Omdat die kerk die roepingsplig het om God se verlossing en koningskap oor die hele lewe te verkondig.

Mag die kerk – wie ook al na die prediking luister, in watter taal ook al – selfmoord onaangespreek laat? Pastoraal sou ons dit wreed vind as 'n herder en leraar koud en ongevoelig sal wees en niks daaraan wil doen wanneer iemand op selfmoord afstuur nie. As so 'n prediker sou sê: ek sien daardie een verstaan nie sy roeping nie, hy maak soos die Jode, hy wag met 'n oop deur op Elia, hy skink 'n ongedrinkte vierde beker in, ek sien daardie een is met lewensmoord besig vanweë die twyfel oor wie en wat hy sonder Christus is, en oor die twyfel wat hy in die Christus moet wees, maar dit laat my koud. Laat hy maar sterwend na die oop deur met sy vol vierde beker staar. Ek gaan nie vir hom preek dat Elia reeds gekom het nie, dat hy sy eie salwing in Jesus die Christus moet verstaan en bely, dat dáár die sin van sy individuele lewe lê; dat Jesus as mens en as God getrou was, omdat Jesus nie gewag het vir Elia nie, maar getrou sy roeping as Verlosser vervul het, en daar vir daardie mens 'n lewensroeping wag om besig te wees waarmee Christus in sy lewe besig is. Ek sal nie preek dat Christus die Verlosser is, en dat daardie selfmoordmens ook aan daardie verlossing, as roeping, deel kan en moet hê nie. Watter predikant se

gewete sal hom nie aankla by sodanige pligsversuim oor selfmoord nie? Dit is selfs tugwaardig! Die selfmoord van een mens wat vanweë wag-vir-Elia nie sy roeping verstaan en doen nie? Sou die gereformeerde kerk dan net vir individue preek? Sou dit nie alreeds 'n bewys wees van ons onverbondsmatige denke nie?

Is dit dan minder erg as 'n hele volk, al is hulle *maar net* 'n 2 of 'n 3 miljoen, selfmoord pleeg? Is dit net die taak van die kerk om te sê dat selfmoord vir individue 'n oortreding van die sesde gebod is? Of word daar nog op 'n verlangse 'onthou-die-doopvont-teologie' darem nog gegril oor gesinsmoord? Waarom mag die kerk nie vir 'n volk sê: julle mag nie selfmoord pleeg nie? Julle mag nie soos die Jode by die pasga maak en kultureel die deur vir Elia ooplos om in te kom nie. Julle mag nie in julle taalstryd met die vierde pasga-beker besig wees nie - al ken julle, as volk, geen snars van die pasga nie. Julle mag nie eersdaags in julle grondstryd (grondhervormingstryd) maak asof Elia en dus die Christus, nog vir die eerste keer moet kom nie.

Mag die kerk toesien dat 'n volk selfmoord pleeg deur ongelooflike geboortebepelings, gedryf deur materialisme (ma's op die markplein); e- en remigrasies, dikwels gedryf deur roepingstwyfel oor Afrika; selfmoord, deurdat daar bykans geen kanselwoord gehoor word oor die taalstryd, asof dit maar buite die predikingsveld lê nie; of nog erger – die predikers het ná apartheid geen versies meer oor om te preek nie en is te besig om menseregte 'skriftuurlik' af te wit, asof God nie geopenbaar het dat ook tale 'n magmiddel in die hand van satan is, waarmee hy volke, *tale* en nasies teen God en sy Gesalfde opsweep nie? So terloops - nie een van ons het ons mond oopgemaak toe die sanger, Steve Hofmeyer, die Gereformeerde Kerk tydens ons sinodesitting aangeval en die uitverkiesing beswadder het asof ons 'n diskriminerende God sou aanbid nie. Dit alles terwyl hy, die sanger, so kwistig met die taalstryd besig is.

Afrikaans wat nie in diens van Christus aangewend word, sodat 'n volk deur sy taal – ter wille van Christus, bestaansmoontlikheid het nie, is per definisie besig om valslik vir Elia te wag. Daardeer speel die Afrikaanse taalstryd in die hande van die satan wat alle volke, ook die Afrikaner, wil laat oorhel na sy verleiding teen die Christus. Die kerk moet oor die

taalstryd preek, want die tale is in die koms van Christus betrek; nie sy eerste koms nie, dan kon ons ook maar vir Elia gewag het, en dan was hierdie woorde openbaringsloos voorbarig. Die taalstryd moet in die prediking aangespreek word, want Christus kom weer. Of glo die Gereformeerde Kerke dan nie meer dat Christus Koning is van alle dinge, ook van volke nie? Is dit nie skynheilig as die kerk sê dat individuele selfmoord aaklig is, maar niks oor volkselfmoord, deur taal en grond roofagtige roepingsverlating, te sê het nie? Die Afrikaanse Gereformeerde Kerke MOET die evangelie in sy koninkryksperspektief verkondig, ook oor volk en taal en nasie. Anders wag ons vir Elia - en dit is 'n belediging vir Christus.

Hoe lyk 'n volk wat weet dat Elia gekom het? Dit is 'n volk waar die gereformeerde volksdeel die profetiese werk volbring. Dit is waar die kerk waarsku teen volkselfmoord, vanweë roepingsverlating en versaking as volk. Hoe kan die kerk toesien dat die volk vir die dien van satan opgeroep word en dit sommer so goedsmoeds aanvaar? Dink die Afrikaanse kerke dat 'n anti-christelike Afrikaanse volk die kerk gaan uitlos? Dink hulle nie die profesie gaan vervul word dat die satan die Afrikaanse volk sal verlei en gebruik om die (nie net, maar ook Afrikaanse) kerk te vernietig? Hoe naïef kan die kerk tog wees. As jy dan geen lus het vir die roeping op die volksakker nie, preek dit dan tog, omdat die Skrif ook volksroeping, naas individuele roeping, ken en omdat die kerk teen die aanvalle van die volk beskerm moet word. (Dink maar net as Steve Hofmeyer nie 'n sanger nie, maar 'n diktator was). Ag, en moenie so hoogheilig wees om te dink daar is sekere sondes wat die Afrikaner nie kan of sal doen nie. As die Afrikaner op kulturele-, taal- en grondgebied vir Elia wag, GAAN daardie volk naderhand die kerk – wat die Messias inwag – vervolg, eers met sangerswoord, en daarna met vangersdaad. Is die Afrikaner as volk besig om die Messias in te wag?

Taal, volk en grond

Dit is dringend noodsaaklik dat die ware kerk aan drie dinge aandag gee. Hoe wag 'n volk op Christus met sy taal? Hoe verwag 'n volk die Christus weer as volk? Hoe en waar, op watter grond, wag 'n volk die Christus in? Die gereformeerde kerk moet teologies begin besin oor taal, volk en

grond in die Skrif. Los maar die poging om individuele menseregte met Bybelversies groot te doop. Daardie godsdiens kan goed genoeg op sy eie bene staan. Daardie godsdiens leer volke af om as volke vir Christus te wag. Daardie godsdiens ken net individue, omdat dit niks verstaan van die verbond nie. Dit is waar die kerk se prediking tans groot leemtes vertoon. Die Gereformeerde Kerke toon al hoe meer tekens dat die verbond nie net verwaarloos word nie, maar in die prediking en daarna in die kerklike denke aan die verdwyn is.

Ons teoloë moet ophou met hulle geflankeerdery met menseregte; dit is net 'n oorstapstasie vir die half gereformeerdes om volledig ongereformeerde te word. Die gepoleerde menseregte laat volke vir Elia wag. Hulle skink die vierde pasga-beker. Hulle hou volke van hulle volksroeping af weg om die Christus as volk te leer ken en op¹⁰ te soek. Hulle hou die deur oop waar die volk wagtend bly gluur na 'n gat in die deur waar Elia nooit weer sal inkom nie. Hulle leer volke aan om te sê: Wag, laat ons sien of daar verlossing vir die verlosser kom. Dit, terwyl die derde beker van danksegging ook op die volksterrein sy volle betekenis moet kry. 'n Vry volk is 'n volk wat verlos is van volksondes omdat hulle weet dat Elia al gekom het. 'n Vry volk praat in geregtigheid, tree op in reg en woon in geregtigheid. 'n Vry volk weet dat Jesus die ware Messias, die Gesalfde is, en wag nie self om te sien wat gebeur nie.

Nuwe teologiese rigting

Die gereformeerde teologie moet 'n ander rigting inslaan. Dit moet volke ook leer om hulle as volke nie te laat verlei om te wag asof Christus nie kom nie, asof volkstale en volksoptrede (wat meer is as die optrede van 'n paar honderdduisend los individue) niks met Christus te doen het nie, asof die grondkwessie slegs oor grondloses en grondeienaars gaan. Die hele aarde behoort aan die HERE (Psalm 24). Daarom moet God se volle koningskap oor die hele aarde verkondig word. Dit sluit die fisiese grond waarop volke bly in, waar hulle óf roepingloos in grootskaalse ongeloof vir nog 'n Elia, vir nog 'n politieke messias wag, óf waar die volk deur die kerk se prediking opgeroep word om in die amp van gelowige in geloof die Messias in te wag. So 'n volk wag met 'n taal wat nie aan die antichristelike mag

afgegee wil word nie, met 'n volkswil wat leef uit die regverdigheid van die kruis van Christus, met 'n gebed in die hart en op die lippe dat God ook volksgrond (wat meer is as die kaart en transport van een individu se blyplek) mag gee, ruimte waar Christus deur die volk ingewag word. So verkry die volksoptrede profetiese waarde teenoor ander Elia-verwagte volke.

Die Gereformeerde Kerk, by name die gereformeerde teologie, is skuldig aan roepingsverskraling. Ons is skuldig omdat ons niks sê as 'n volk stilstaan om selfmoord te pleeg nie. Asof dit iets klein vir God is! Asof God se eer nie ook inherent aan die bestaan¹¹ van volke verbind is nie. Asof God se optrede met die kerk los van volke¹² is. Die Gereformeerde Kerk het onverbondsmatig begin teologiseer, en sal – as hy nie hierdie grondliggende denkfout herstel nie – oorgegee word aan die suigrag van charismatiese groepe, waarin die ware kerk oplos en waaruit die gelowiges hoegenaamd geen teologiese verantwoordings sal kan kry vir regverdige bestaan in Afrika nie. Sodoende (bedoelende die stelselmatige oorgee aan die onverbondsmatige teologie van die baptiste), sal die kerk meehelp aan die moord van 'n volk en daaraan meehelp dat 'n nageslag opstaan wat *openlik* niks met die ware Messias te doen wil hê nie, omdat die kerk hulle beperk beprek tot 'n verskraalde leefwêreld. So help die kerk dat 'n hele volk aan die mag van satan oorgegee word, wat daardie volk sál gebruik om die oorblyfsels van die kerk in daardie volk uit te wis; wat die kerk in ander volke sál probeer bykom; wat daardie volk sál gebruik om die koms van die antichris voor te berei.

Bekering en verering

Predikante, teoloë, ouderlinge, lidmate, gedoopte verbondelinge - luister! Moenie God langer versoek deur dieselfde gesindheid as die Aramese aanskouers van die kruis te hê nie. Laat ons nie 'n oop deur hê en met ons optrede - en veral deur ons nalatings - sê: Wag, laat ons sien of Elia kom nie ...

Christus het gekom. Hy leef in die kerk. Die kerk leef in die wêreld, ook binne volke (alhoewel die twee se grense nie eenduidig is of hoef te wees nie). Die gereformeerde teologie moet tot bekering kom oor ons versuim om die sesde gebod ernstig op te neem. Moord bly

moord. Ook volksselfmoord is 'n gruwelike roepingsveragting. Dit sê: ek gee nie om as 'n volk, of dan my volk, vergaan nie, want my volk hoef geen getuie te lewer oor die feit dat Christus alreeds as Verlosser gekom het nie. Die baptiste het jou so leer praat. Dit is nie nodig dat Christus se Verlossing, wat ek preek en individueel by die nagmaalsbeker indrink, die beker van danksegging, dat daardie verlossing vir my ook verklank moet word en weerklank moet vind in 'n volk, of my volk, se lewe nie. Laat ek vry wees in Christus. Laat my volk maar verbind wees aan die satan se planne om Christus te verag en die kerk te vernietig, solank ek weet Elia het al gekom, kan ek maar anderpad kyk as 'n volk, of dan my volk, met bykans alles wat hulle as volk aanvang, getuig dat hulle nog niks verby die Joodse pasga gegroei het nie. Dit kan tog nie so wees nie, my broeder en suster in Christus? Christus se Verlossing is ryk en diep. Die voorhangsel het geskeur. Sorg dat jy met die verbond, en al die implikasies daarvan, tot God nader.

Is jy 'n volksmoordenaar aan die nagmaalstafel? Tel net weer jou békers - met die kelkies het jy reeds die verbond gelos, en kyk jy al by die oop deur uit. Kyk of jy Elia se beker sien. Waarom laat jy dan toe dat 'n volk, jou volk, jy as Afrikaner, die vierde beker skink en die deur vir Elia ooplos? Jesus Christus het die vierde beker verbygegaan. Wie nog die vierde beker skink is besig met 'n roepinglose wagtyd. Het jou nagmaalsviering net met jou siel te doen en nie met jou liggaam nie? Kom tot bekering o kerk met jou halwe preke! Jy swyg oor moord, en daardeur word jy 'n moordenaar. As die Gereformeerde Kerk en sy teoloë nie oor hierdie versuim tot bekering wil kom nie, moet hulle maar wag. Wag dan maar. Laat ons sien of Elia kom om ons van hierdie dwaling te verlos ...?

10 "...sodat hulle die Here kon soek..." Hand 17:27.

11 Hand 17:25.

12 Vgl Die lied van Moses wat ook in Openbaring gesing word: "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel." Deut 32:8.

Die Alfa en die Omega¹

Die laaste Bybelboek wek historiese belangstelling. Die Openbaring onthul wat ná die hemelvaart van Christus gou moet gebeur (Openbaring 1:1). Dit gaan veral oor die laaste dae (Handelinge 2:17), die laaste periode van die geskiedenis. Hierdie tydperk het met die hemelvaart van die Here Jesus begin en word met sy koms op die wolke afgesluit (Handelinge 1:7).

Reeds in die begin van die Openbaring maak ons drie-enige God Homself bekend met 'n naam wat aandui dat Hy in die geskiedenis werksaam is. Ek is die Alfa en die Omega, sê Hy. Die Alfa is die eerste en die omega die laaste letters van die Griekse alfabet. Ons sou in Afrikaans sê: Die A en die Z.

Die betekenis van hierdie naam, wat in geen ander Bybelboek voorkom nie, word onmiddellik verduidelik. Die Here is die begin en die einde. So staan dit ook aan die einde van hierdie boek, in hoofstuk 21:6, opgeteken. Hoofstuk 22:13 voeg daaraan toe: die eerste en die laaste.

God die Here is die begin, die eerste. Dit wil sê dat Hy saam met die heelal ook die tyd geskape het (Genesis 1:1). Alles wat bestaan en lewe, is maaksel van sy hande. Alles, ook die tyd, behoort aan die Skepper (Psalm 24:1). Ons lewe, asem, geld en goed, die lewensverbande, die volkere, ja alles is sy eiendom.

INTEKENGELD

Die redaksie bedank elke leser wat reeds die intekengeld vir 2004 betaal het. 'n Vriendelike beroep word op diegene gedoen wie se intekengeld nog uitstaande is.

Bankbesonderhede verskyn op die agterblad. Indien u elektronies betaal, word u versoek om u voorletters en van as verwysing aan te dui.

Die Here is ook die laaste, die einde. Op sy tyd beëindig Hy die wêreld-geskiedenis. Die naam "die Alfa en die Omega" gee verder te kenne dat alles wat plaasvind tussen die begin (die skepping) en die einde (die koms van die Here Jesus), onder sy bewind geskied. Ons God is die "Hoofpersoon" in die geskiedenis.

Luister mooi na wat daar staan. Die Here is nie 'n alfa of een van baie omegas nie. Die wêreldgebeure verloop nie siklies, in sirkels, in sinloos-opeenvolgende periodes, waarin volke en nasies opkom, blink en wegsink nie. Nee, Hy is dié Alfa en dié Omega.

Daar is maar een begin, naamlik sy skeppingsbegin. Daar is in die geskiedenis slegs een eerste Adam (Romeine 5:12) en een Jesus, die laaste Adam (1 Korintiërs 15:45). Een keer het ons Verlosser in die vlees gekom. Een maal kom Hy op die wolke. Tussen die een begin en die een einde is elke gebeurtenis eenmalig. Die geskiedenis verloop nie siklies nie, maar liniêr, in 'n reguit lyn volgens die Here se raadsplan. Daarin is ook aan die menslike verantwoordelikheid 'n plek toegewys. Die woordepaar "Ek is" waarmee die teks begin, herinner aan die bekende verhaal van die brandende doringbos wat nie verteer is nie. Toe en daar het God sy Verbondsnaam afgekondig: HERE, Jahweh. As Israel in Egipte vir Moses vra: Wie het jou gestuur? Hoe is sy naam?, moet hy antwoord: EK IS het my na julle gestuur (Eksodus 3:13-14).

EK IS beteken: God die HERE doen wat Hy gespreek het. Hy vervul sy verbondsbloftes vir elkeen wat glo. En alle ongelowiges sal ondervind dat sy woorde van dreiging en vloek daadwerklik geskied.

Die begin en die einde, die eerste en die laaste, lei ons gedagtes as vanself na die middel van die geskiedenis, die volheid van die tyd. Die Woord, die ewige Seun van God, word vlees (Johannes 1:1,14). Die Openbaringboek wys na Hom as die Lam wat geslag is (Openbaring 5:12). Die Here Jesus is die vervulde paaslam. Vir ons oortredinge is Hy deurboor.

Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom (Jesaja 53:5). Die gekruisigde (1 Korintiërs 1:23) en opgestane Christus, is die middelpunt van die geskiedenis. Deur die geloof

in Hom is daar verlossing. Uit genade is die geskiedenis na die sondeval heilsgeskiedenis.

Nou word die sin van die geskiedenis deursigtig. Dit gaan oor Christus, oor die vergadering van die kerk, die bruid van die Lam. Op die oomblik dat die laaste uitverkorene gebore en wedergebore is, weerklink die basuin (1 Korintiërs 15:52). Die Heiland kom met die wolke (Openbaring 1:7). Die uur van die voleinding het aangebreek.

God se naam "die Alfa en die Omega" gee moed en krag aan elkeen wat glo. Hy beheers die wêreldgebeure en elkeen wat in die geskiedenis optree. Teen Hom hou geen teenstander stand nie. Omdat Hy regeer, weet ons dat vir hulle vir wie God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is (Romeine 8:28).

Ook teëspoede moet daar wees, vir ons beswil.

'n Moedelose volk in ballingskap dink aan die verwoeste land en tempel. Godself kom hulle vertroos met die woorde: Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Weet julle nie? Hoor julle nie? Is dit julle nie van die begin af bekend gemaak nie? Hy sit bo die kring van die aarde. Hy maak die (godlose) vorste tot niet. 'n Ewige God (die Alfa en die Omega) is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde. Hy gee die vermoede krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen krag het nie; die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie (Jesaja 40:15-31). Wie van ons sal selfs in donker tye die Here, die Alfa en die Omega, nie prys nie? Uit U, o Vader, ons Skepper en deur U, o Seun, ons Verlosser en tot U, o Heilige Gees, ons Heiligmaker en Voleinder, is alle dinge, die geskiedenis, alles wat daarin gebeur, ook die lewe van ons, u kinders. Aan U wat aan die geskiedenis en aan elke menselewe sy sin en betekenis gee, die heerlijkheid tot in ewigheid (Romeine 11:36; vergelyk Heidelbergse Kategismus, antwoord 24).

¹ Oorspronklik gepubliseer in *Vergeet Hom nie*, 1988.

Die christen as verpleegkundige

Onlangs het 'n boek uit die pen van Bart Cusveller verskyn met die titel: 'Volwaardige Verpleging'. Hy is verpleegkundige en filosoof en werk aan die Prof GA Lindeboom Instituut - 'n christelike studiesentrum vir mediese etiek in Ede, Nederland. Die skrywer het onlangs sy doktorsgraad verwerf oor die vraag wat die christelike geloof met verpleegkundige beroepsuitoefening te doen het. Hierdie artikel vertel iets daaroor.

Wat het die christelike geloof met die uitoefening van die verpleegkunde beroep te doen? Hou dit in dat die christen-verpleegkundige 'n christelike mensbeeld en 'n ander antwoord op 'n paar medies-etiese kwessies het, maar andersins in die saal tot die orde van die dag oorgaan?

Is ons nie 'n bietjie skaam oor ons christelike geloof nie? Is professionaliteit, los van geloof, nie in elk geval die hoogste prioriteit nie?

Daar was 'n tyd toe alle mediese handeling as suiwer empiries beskou is, los van enige wêreldbeskouing. Intussen is dit baie duidelik dat enige wetenskapsbeoefening nie volledig kan berus op feite waarvan die waarheid onmiddellik met alle sekerheid vasgestel kan word nie. Enige persoon wat in die gesondheidsorg werk sal dit ruiterslik erken. 'n Bekende Amerikaanse filosoof, Wolterstorff, het onder andere gesê dat die wetenskap nooit so in die praktyk kan werk nie. Geloofs-oortuiging het 'n duidelike plek in alle mediese handeling. As dit so is, waarom sou christene nie ook in hul wetenskapsbeoefening gewoon gebruik kon maak van alles wat hulle weet, inklusief wat hulle as christen weet nie?

Skaam vir christen-verpleegkundige wees?

In die gesondheidsorg is dit dikwels die geval dat ons as christelike verpleegkundiges ons laat intimideer deur ons geloofsoortuigings aan die kant te skuif ter wille van die professionaliteitsideaal. Maar, kan mens tereg vra, sou christen-verpleegkundiges nie ook

professioneel kon wees as hulle op 'n sekere manier vir die pasiënt sorg, omdat hulle dit as christen tot hul professie reken nie? Moet 'n mens vandag onomkeerbaar van roeping na beroep skuif? Daar is iets soos christelike professionaliteit in die verpleegkunde. Immers, waar het die "hospice" byvoorbeeld vandaan gekom? Of die sorg vir die geestelike aspekte van die pasiënt? Of die kritiek op die kommersialisering van die gesondheidsorg? Het dit nie uit 'n christelike hoek gekom nie?

Daar is meer nodig as om net 'n antwoord op kwessies soos aborsie en eutanase te hê. 'n Antwoord daarop het nie noodwendig iets te doen met die praktyk nie. 'n Antwoord op die problematiek van die kwessies het 'n uitwerking van jou geloofsoortuiging in die praktyk nodig. Beide die verpleegkunde en die lewensbeskouing het verbande met mekaar wat nie uitmekaar getrek kan word nie – beide het te doen met die menswees self. Verpleegkundiges kry met allerhande fasette van die lewe te doen – geboorte, grootword, siekte, gebreke, lyding en dood. Hul handeling het direk met menswees te doen. Wie kan beweer dat lewensbeskouing nie direk met hierdie dinge te doen het en uitdrukking gee aan die praktyk, dikwels harde praktyk van elke dag in 'n hospitaal nie?

Die bril van die christen-verpleegkundige

Daarom is dit niks minder as normaal dat 'n christelike verpleegkundige deur 'n christelike bril na die pasiënt se versorging kyk. Die christen-verpleegkundige sien die meeste dinge dan net soos die nie-christen kollega. Dit is mooi, want so kan hulle saam die vak beoefen. Christenwees is daarom nie altyd anders-wees in die praktyk nie. Dit gee egter wel 'n ander uitkyk. Dan tree jy dikwels ook anders op en bespreek dit met jou kollega's. Dit is professioneel as verpleegkundiges hierdie fundamentele sake kan verwoord. Christenwees voeg nie altyd iets eksklusiefs aan jou praktyk toe nie, maar die lewensbeskouing word wel definitief in die praktyk uitgedruk.

Onlangs is 'n studie in *Nursing* ('n bekende joernaal in verpleegkunde) gepubliseer waarin 'n verpleegkundige vertel van haar gewetensnood om die bed van 'n pasiënt skoon te maak wat sopas 'n aborsie gehad het. Die doel van die studie was om die verhouding van geloof en werk as verpleegkundige te bestudeer. Stilswyende begrip vir mekaar se geloof was een van die konklusies; 'n ander dat die geloof wel deeglik die omgang met pasiënte beïnvloed – veral die wetenskap dat jy krag en steun kan put uit die Woord van God.

'n Voorbeeld uit die hospitaal

'n Verpleegkundige vertel onlangs oor haar werk in die Neurologie-afdeling. In hierdie saal is baie pasiënte wat aan MS (multiple sclerose) of CVI (cerebrovaskulêre insident of beroerte) ly. Hierdie siektes bring 'n geweldige ommeekeer in iemand se lewe en roep gevolglik vrae op. Waarom het dit met my gebeur? Wat is die rede hiervoor? Hoe moet ek nou verder hanteer? Sy wil hierdie vrae graag met die pasiënt bespreek. Sy skep ruimte tydens die versorging van die pasiënt om aan te sluit by die nood van die pasiënt. 'n Christen-verpleegster maak hierdie vrae bespreekbaar en praat met die pasiënt daaroor. Elke pasiënt is natuurlik weer anders, maar juis dit is 'n geweldige uitdaging om in fyn-gevoeligheid en opregte belangstelling by die pasiënt se vrae uit te kom. Mense in erge nood en aan die einde van hul lewe, val dikwels terug op die geloof. Gewoonlik is daar nie 'n predikant nie, maar daar is sekerlik verpleegsters. Hierop kan die verpleegster bedag wees. Die uitdaging vir verpleegkundiges is om 'n gevoelige antenna te ontwikkel om te besef wanneer en hoe die geloof vir die pasiënt leef.

Gewetensnood?

Wanneer kom verpleegkundiges in gewetensnood? Wanneer hulle gevra word om iets te doen of aan mee te werk waarteen hulle prinsipieel gekant is. Kom ons neem 'n voorbeeld. Verpleegkundiges het geen

beroepsverantwoordelikheid om samewerking te gee aan handelinge wat gerig is om die lewe van 'n pasiënt te beëindig nie. Hulle hoef dus nie hieraan mee te werk nie, maar het wel deeglik die verantwoordelikheid om die betrokke pasiënt te verpleeg, ook as die pasiënt uitdruklik vir eutanase vra. Observasie, verslaggewing, begeleiding en toediening van nodige medikasie en algehele versorging is steeds deel van die taak.

Nog 'n voorbeeld is abortus. Die christen-verpleegkundige het met reg gewenstenoed waar dit abortus

betref. Waaroor kan die verpleegkundige gewetensbeswaar hê? Teen die uitvoer van 'n abortus? Wel, dit val in elk geval nie in die beroepsverantwoordelikheid van verpleegkundiges nie, tensy hulle in die teater werk. Kan 'n verpleegkundige weier om te help met die voorbereiding van 'n aborsie? Ja, dit behoort by hul beroepsverantwoordelikheid en vir sover die voorbereidings gedoen word vir die slaag van die aborsie, kan hulle dit weier.

Gewetensnood oor die versorging van 'n pasiënt, los van die voorbereiding

en uitvoer van 'n aborsie? Nee, omdat dit los staan van die ingreep kan hulle dit nie weier nie. As christen-verpleegkundige met gewetensbeswaar oor aborsie, is jy steeds daarvan oortuig dat die pasiënt, al ondergaan sy 'n aborsie, steeds sorg nodig het. Juis in hierdie versorging is die christen-verpleegster nodig. Sy moet egter duidelik wees: met die voorbereiding en uitvoer van aborsie wil sy niks te make hê nie. Dit gee die uitgangspunt van liefdevolle bewoë versorging, maar dit is duidelik prinsipiëel bepaal.



John Knox (1515-72)

Dit is 'n koue winterdag in Januarie 1548 in die stad Nantes in Suidwes-Frankryk. Op die Loirrivier wat langs hierdie stad vloei, lê die reuse galeiskip, die *Nostre Dame*. Dis 'n slaweskip. Meer as 'n honderd bandiete is elkeen aan sy linkervoet vasgeketting op sy sitplek agter 'n roeispaan. Twee of soms meer sulke slawe moet so 'n roeispaan trek as die skip op die water beweeg. Gewoonlik is daar, soos op die *Nostre Dame*, sowat twintig roeispane aan elke kant van die skip. Op die ritme van 'n groot trom op die agterstewe van die skip moet al die roeiers gelyk hulle spane trek. In die middel, tussen die twee rye roeiers, is daar 'n loopplatform waar die slawedrywers met lang swepe die manne op hulle kaal rûe slaan om hulle te dwing om die roeispane te trek. Onwilligheid is nie geduld nie.

Balnaves se Geloofsbelydens

Nou is dit winter op die Loirrivier. Die *Nostre Dame* gaan waarskynlik 'n week of meer by Nantes verhoef om voorrade in te neem en op 'n nuwe opdrag te wag. Naby die lantern wat

UIT DIE GESKIEDENIS

Prof VE d'Assonville, Pretoria

John Knox die galeislaaf

aan die middelste mas hang, sit-lê een van die galeislawe en - kan 'n mens dit glo? - hy is die latere groot kerkhervormer John Knox van Skotland. Hy is besig om op 'n stapeltjie vasgebinde papiere aantekeninge te maak. Op een of ander manier het hy 'n veerpen en 'n botteltjie ink in die hande gekry. Die papiere, 'n manuskrip van 'n klein boekie, het hy alreeds weke vantevore in die hawestad Rouen by 'n smokkelaar gekry. Wat was hierdie geheimsinnige papiere? O, wat 'n aangrypende stukkie kerkgeskiedenis! Dit is 'n gereformeerde geloofsbelydens, die *Confession of Balnaves*. Balnaves, 'n Skotse protestant, was toe 'n gevangene in die kasteel van Rouen.


Diep in die nagtelike ure, as die ander gevangenes probeer slaap en hier en daar 'n gekreun of 'n gefluister op die galeiskip gehoor word, is John Knox besig om Balnaves se Geloofsbelydens in kort hoofstukke te deel en sy eie aantekeninge by te voeg om die hele boekie persklaar te maak. So gou moontlik moet hierdie stuk in Skotland kom om daar vir die gereformeerde gemeente van St. Andrews gedruk te word. Die tyd raak min. Gelukkig ken Knox 'n man wat dit in die geheim sal pos - nogal een van die matrose wat in die geheim 'n protestant is. Saam met die Geloofsbelydens gaan John Knox (hy noem homself "die geboeide dienskneg van Jesus Christus") se brief aan die gemeente van die kasteel van St. Andrews. Hy skryf dit "terwyl ek in ysters lê in baie seer liggaamlike

pyne op 'n galeiskip met die naam van *Nostre Dame*".

Hoe het Knox 'n galeislaaf geword?

Hier het ons een van die mees dramatiese stukke kerkgeskiedenis in die 16de eeuse Reformasie. In 1546 was Skotland steeds 'n Roomse land. Kerkleiers wat gereformeerd geword het, is meedoënloos vervolgd. Baie, soos die prediker Patrick Hamilton, het die marteldood op 'n brandstapel gesterf. In hierdie tyd het John Knox, 'n opgeleide Roomse priester, onder invloed van Calvyn se 1539-uitgawe van die Institusie, openlik die gereformeerde leer van die Reformasie aanvaar. Saam met George Wishart, 'n dinamiese prediker van die Evangelie, het hy in die ooste van die land opgetree. Wishart is toe deur kardinaal Beaton van die stad St. Andrews gearresteer en op 1 Maart 1546 op 'n brandstapel laat verbrand. Hierop het 'n groep manne van die kasteel op hulle beurt weer kardinaal Beaton uit wraak op Wishart vermoor.

'n Openlike godsdiensoorlog het ontbrand. Protestante, waaronder John Knox, het hulleself in die stad en kasteel van St. Andrews verskans. Daar is toe die eerste gereformeerde gemeente gevorm, die sogenaamde "Congregation of St. Andrews". Knox is deur hulle as predikant beroep. Hy het begin om hulle dag vir dag uit die Heilige Skrif en uit die Institusie van Calvyn te onderrig en vir hulle te preek.



'n Franse galeiskip in die 16de eeu

John Knox se prediking in St. Andrews was buitengewoon geseënd. Sondag na Sondag is die Evangelie in die groot kerkgebou gepreek. Die Roomse altaar is verwyder en die preekstoel is op die regte plek geplaas. Die mense het na die eredienste gestroom. Die hele soldategarnisoen en die meeste van die stadsbewoners het die Roomse geloof afgesweer. Toe die eerste Heilige Nagmaal volgens die Bybelse beginsels gevier is, was dit duidelik: Die Reformasie het met mag in Skotland deurgebreek!

Baie gou was Satan in sy woede opgeswee. Geweld was die antwoord om die Gereformeerde Kerk van St. Andrews te verwoes.

'n Franse mag beleër St. Andrews

Die owerhede van die Roomse kerk het Frankryk se hulp ingeroep. Die gebeurtenisse wat na Knox se prediking van 'n paar maande gevolg het, was skokkend. Einde Junie 1547 sien die mense van St. Andrews 'n verskriklike ding op die see: 'n Franse oorlogsvloot onder bevel van generaal Leo Strozzi. Skielik het alles vir die gemeente donker geword. Honderde swaar gewapende soldate word afge-lai en hulle trek 'n ring om die stad. 'n Maandlange beleg volg en geen kos vir die stad word toegelaat nie. Sommige kry dit reg om te vlug, maar Knox bly by sy mense en versterk hulle daagliks met die Woord en gebede.

Op 31 Julie 1547 het die breekpunt vir die gemeente gekom. Om te oorleef, moes hulle oorgee. Hulle wat die eed van getrouheid aan die Roomse kerk onderteken het, is vrygelaat, maar die ander, die groot

meerderheid? Hulle is as gevangenes na Frankryk weggevoer. O, hoe wreed - so staan dit in die historiese dokument: "Op versoek (Engels: solicitation) van die pous en die Skotse biskoppe, is hulle as oorlogsgevangenes (prisoners of war) verklaar". Die meerderheid van hierdie Skotse gevangenes is toe onbepaald in tronke van Rouen, Cherbourg, Brest en Mont St. Michel aangehou. Knox en 'n klein groep is hardhandig na galeiskepe gestuur. Daar is hulle met kettings aan hulle linkervoete vasgebind. So sou John Knox, die Skotse hervormer, vir negentien maande 'n slaaf op die galeiskip *Nostre Dame* wees. Vir 570 dae lank was hy 'n "bound servant of Jesus Christ in irons". Altyd, dag en nag, behalwe enkele tydies onder toesig van 'n wag, 'n draai by die toilet; altyd maar vas op sy sitplek; altyd maar weer met tye vooroorbuig en die roeispaan onder maat van die trom en onder sweepslae na agter trek. Altyd maar liggaamlike pyn.

Wie kan dan nog glo?

In sulke bange dae en donker nagte was God se Woord vir Knox die enigste toevlug in sy lewe. Saam met medeslawe het hulle die tyd uitgekoopt om vir mekaar stukke uit die Bybel op te lê. Knox se geliefde psalm was Psalm 6. Hy het dit uit sy hoof geken en later 'n kommentaar daaroor geskryf. Die beginwoorde is dieselfde as die ander lydenspsalm, naamlik Psalm 38: "O HERE, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie". As hy maar net elke dag, elke uur die krag kan kry om in die geloof staande te bly!

En hy het staande gebly, tot op die

laaste van sy gevangenskap, toe hy weer losgelaat is en na Engeland kon uitwyk. Dáár kon hy weer met vrag op verskillende plekke die Evangelie verkondig totdat hy weereens so wreed deur die Roomse koningin, Bloedige Maria, vervolgt is en in 1552 na Genève moes uitwyk.

"By daardie torings gaan ek weer preek!"

Op 'n keer moes die *Nostre Dame* weer dringend na die waters van die Noordsee vaar. Vir baie dae en nagte was hulle op die oop see. Dit was bitter swaar. Soms moes hulle vir ure lank teen die wind in vaar. Die drywers met die swepe het hulle geen rus gegee nie. John Knox se kragte het begin ingee. Hy het byna beswyk. Sy roeimaats het die drywer gesmeek om hom tog net 'n bietjie te laat rus. In sy swakheid het hy skuins agteroor gelê - half bewusteloos.

Toe gebeur dit. Een van Knox se vriende ruk aan sy skouer om hom wakker te skud: "John, kyk daar, jy moet dit sien... die torings van St. Andrews!... daar waar ons voor verlede jaar gevang is". Meteens kom daar lewe in Knox se oë. Hy draai sy kop na die kus. Hy lig sy regterhand op en met sy lang, bewende voorvinger wys hy na St. Andrews se torings. "Ja, ja", sê hy hardop, "daar's hulle ... die torings van St. Andrews. Daar het God vir die eerste keer my mond geopen om te preek ... en ek weet, Hy sal my weer daar sy Woord laat preek ... op Sy tyd".

Besonder merkwaardig: hierdie feit van John Knox se geloof is opgeteken, nog lank voordat hy werklik meer as tien jaar later in 1560 in St. Andrews gepreek het, soos wat hy gesê het, "in the brunt of the battle".

"Laat ons dame self swem om haar te red!"

John Knox was 'n humoris. Humor is 'n gawe van God en dit help 'n mens soms in die grootste verknorsing. So het Knox se humor die hele klomp galeislawe eenmaal laat uitbars van die lag sodat die wapte magteloos was om iets te doen. Dit het so gebeur:

Op een van die groot riviere (waarskynlik die Loir) by 'n hawe, het die Roomsers vir die soveelste keer een van hulle bygelowige godsdienstige rituele vir die gevangenes gereël. Die priester kom dan met 'n geraamde skildery van

moeder Maria wat deur elkeen onder dwang gesoen moet word. Die meeste van die manne weier om dit te doen. Dan word die skildery met geweld teen hulle mond gedruk en die priester prewel 'n klomp onverstaanbare Latynse woorde oor en oor. Toe die skildery van die maagd Maria by Knox kom, vat hy dit plegtig met altwee sy hande. Die priester is doodgelukkig met so 'n "eerbiedwaardige" hantering van "our Lady". Maar toe kom die vreeslike skok: Knox vat die portret met sy raam en laat dit soos 'n "frisbie" oor die water sweef. Toe sê hy in Engels: "Let our Lady save herself; she's light enough, let her swim". Die offisiere was woedend, maar die spontane

lagbui het hulle magteloos gemaak en van hulle het ook begin lag. Met 'n klein roeiboortjie is die skildery gered. Die priester was rasend kwaad. Tog was Knox die stille held.

"Gedenk julle voorgangers" (Hebreërs 13:7)

Wie is ons? Ja, wie is ons dat ons nog so ongehinderd na die prediking van die Evangelie kan luister, terwyl die geskiedenis vol van vervolging en martelaarskap is? So bly die hervormers van die 16de eeu steeds vir ons "voorgangers wat die Woord van God verkondig het", maar ook bitter swaar onder vervolging gely het.

Luther het in die Wartburg-kasteel gely; Calvyn moes vir sy lewe uit Parys vlug; Zwingli het op die slagveld gesneeu; Knox, die hervormer van Skotland, het 'n galeislaaf geword; Cranmer, die Engelse hervormer, is in Oxford verbrand. Honderde, ja duisendes, het ter wille van hulle geloof in Jesus Christus die marteldood gesterf soos in Bartholomeusnag op 24 Augustus 1572.

"Die bloed van die martelare is die saad van die kerk", het die kerkvader Tertullianus geskryf. Karl Barth het 'n korreksie op hierdie uitspraak aangebring: "Nee", het hy gesê "die bloed van Jesus Christus is die saad van die kerk".

PERSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Sien is glo

Professor Adrio König, teoloog van die Nederduits Gereformeerde Kerk, beskryf in *Beeld* van 22 Maart 2004 sy ervaringe onder die titel 'Wat 'n fliel! Dit skok en ontstel' nadat hy die film *The passion of the Christ* gesien het.

Wat 'n fliel! Wreed, ontstellend, skokkend. Maar was dit anders toe dit werklik gebeur het? Die hele prent is een stuk lyding: Getsémané, Gabbata, Golgota. Die lyding van die mense na aan Jesus is aangrypend, sy moeder, Maria Magdalena, Johannes. Maar Jesus se lyding ruk jou tot in jou tone. Ná die vertoning het ek net gesit, en toe ek my uiteindelik sover kon kry om op te staan, het ek eerder gestrompel as geloop, in stilte. Ek onthou Eli Wiesel het ná Auschwitz gesê dit sal heiligsennis wees om daaroor te praat. Ek het só iets na die fliel gevoel. Ek is geen flielkenner nie, maar dit kos nie een om te besef dat dit 'n uitsonderlike prent is nie. Wat "lekker" is, is die feit dat daar nie onnodige aanstoot gegee word soos in baie rolprente oor Jesus nie. Alles word met die allergrootste eerbied aangebied.

Mel Gibson eindig sy prent met 'n kort opstandingsflits. Sommige kan kla omdat dit so kort is, maar die titel is darem 'The passion of the Christ'. Dit kon dus nie lank wees nie. Maar dis nogtans baie prominent. Gibson moet iets van die evangelie verstaan.

Hiervan getuig sy keuse van terugflitse op pad. As Jesus so wreed geslaan word en sy lyf met bloedwonde oortrek is, flits die prent terug na sy instelling van die nagmaal: "Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word, dit is my bloed wat vir julle vergiet word". As Hy aan die kruis vir sy vyande bid, is die terugflits sy woorde: Julle moet jul vyande liefhê. As Pilatus sy hande in onskuld was, flits dit terug na waar Jesus sy dissipels se voete was. Wat 'n verskil!

Die vroue se trou, hul liefde vir Jesus, en hul magtelose lyding beklemtoon die pynlike afwesigheid van die dissipels, wat met uitsondering van Johannes, nooit weer ná die verhoor verskyn nie. Soos in die meeste opsigte is die fliel ook hierin getrou aan Die Bybel.

*Uit professor König se beskrywing is dit duidelik dat die film hom besonder aangegryp het. Trouens, uit 'n meningspeiling wat gedoen is (vergelyk die webwerf van *Beeld*), blyk dat die meeste mense wat die film gesien het, sterk daardeur aangespreek is. Sommige meen dat dit vir hulle 'n uitsonderlike geloofservaring was. Ander reken dat die film ideale evangelisasie-materiaal is.*

Professor König sit sy artikel na aanleiding van die film soos volg voort:

As 'n mens terugdink, kom 'n paar sake na vore, soos die realisme van die fliel teenoor Die Bybel. Die Nuwe Testament is baie saakliker en soberder oor die lyding van Jesus. Daar is omtrent geen byvoeglike naamwoorde, geen realistiese skildering van die felheid van die géselslae nie. In hierdie opsig sou 'n mens kon sê die fliel gee Jesus se lyding getrouer weer as die Nuwe Testament.

Hoekom is Die Bybel so saaklik en terughoudend? Miskien omdat die Evangelies nie biografieë van Jesus is nie. Ons weet lankal dat jy nie 'n karakterskets van Jesus uit die Nuwe Testament kan maak nie. Die Evangelies bring 'n boodskap, hulle probeer om mense tot geloof in Jesus te bring. Dit beteken dat die fliel regtig waarde het. Dit help ons om iets te beleef van dit wat werklik daar gebeur het. Anders raak alles later afgestomp sodat ons geen idee meer het nie van wat dit regtig inhou dat Hy volgens Die Bybel aan die kruis vir ons sonde gesterf het. Maar dit beteken dat juis Die Bybel onontbeerlik is. As ons net die fliel het, sal ons Hom later net jammer kry pleks van om in Hom te glo.

Met hierdie opmerkings raak professor König myns insiens die kern van die saak aan wat grondliggend is aan die polemieke wat rondom die film ontstaan het. 'n Stelling soos 'In

hierdie opsig sou 'n mens kon sê die flik gee Jesus se lyding getrouer weer as die Nuwe Testament, laat 'n mens noodwendig frons. Hoe kan 'n sondaarmens 'n saak getrouer weergee as die Heilige Gees wat die evangeliste tot die skryf van die Bybel geïnspireer het? Daarmee saam: ons bely tog dat die Skrif genoegsaam is (Artikel 7 NGB)? Ook die beskrywing van Christus se ontsaglike lyding aan die kruis is genoegsaam. 'n Film of 'n musiekstuk of 'n passiespel kan dit wat genoegsaam is, nie 'meer genoegsaam' maak nie.

Dat daar 'n soeke na die 'realiteit van die kruis' bestaan, is 'n klaarblyklike gegewe. Fliëkgangers se oë het oopgegaan vir die ontsaglike

verskrikking van die kruisiging. Hierdie 'oopgaan van die oë' wek twee vrae: op watter wyse het die geskokte kyker (professor König ingesluit) tot op dese die Skrif oor die kruis gelees; en op watter wyse is die gekruisigde Christus tot nou toe verkondig? Tydens 'n onlangse radio-onderhoud het iemand tereg opgemerk dat die kruis tot 'n groot mate verromantiseer is, net soos die stal en die krip. Die verskrikking van die kruis, soos ons dit in Sondag 15 van die Kategismus bely (die kruis is 'n vloek!), word verberg onder 'n evangelie van liefde en gemoedelikheid en vriendelikheid, 'n Liewe-Jesus teologie wat vir wreedheid van hierdie aard geen ruimte het nie. Deur hierdie bril

word die Bybel gelees, en die Woord verkondig.

Lidmate word tot so 'n mate domgepreek dat hulle eers moet sien voordat hulle glo. Hulle moet sien om te kan glo! Die sigbare is onmisbaar in die proses van geloofsgroei. Sonder sien sal die skille op die oë bly.

Om die minste daarvan te sê, is dit 'n tragedie dat 'n Hollywood-film die skille van die oë moet afruk. Vanuit hierdie gebeure behoort 'n dringende oproep na alle Woordbedienaars uit te gaan: predik Christus, die gekruisigde – sonder om doekies om te draai en om die volk van God aan wanvoorstellings rondom die kruis bloot te stel (1 Korinthiërs 2:2).

En as jy nie 'sien' nie?

In dieselfde artikel stel professor König 'n tweede vraag:

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos:jdirdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Sit God regtig agter hierdie vreeslike lyding van Jesus? Die lyding is skokkend genoeg, die soldate en godsdienstige leiers onmenslik wreed. Maar ons glo op grond van Die Bybel dat Jesus met hierdie lyding die offer aan God bring om ons sonde te versoen. God wil dus hierdie offer hê. Jesus bid ook in Getsémanê: "Nie my wil nie, maar U wil".

Wil God regtig hierdie onmenslike lyding? Waarom? Ek weet nie. Ek kry geen duidelike rede in Die Bybel waarom Hy nie net eenvoudig kan vergeef nie. Ek kry selfs nie in die Ou Testament met sy ingewikkelde offersisteem redes waarom die offers gebring moes word nie.

Mense het baie interessante redes uitgedink, maar in Die Bybel kry ek net die feit: God wil dit hê. Dit moet. Wat nou? Nou glo ek wat ek nie verstaan nie. En daarmee saam dring die wonder tot my deur: Só 'n offer moes gebring word. En eintlik moes ek dit bring, want dit gaan oor my sonde. En nou bring Hy dit! Is dit nie genade nie? Want onthou, die Vader is net so betrokke by hierdie lyding as Jesus self. Sou 'n vader wat liefhet, nie erger ly as sy lydende seun nie? Wat het dit die Vader gekos om sy Seun só te sien ly en niks te doen nie?...

Dit slaan 'n mens dronk dat 'n gereformeerde teoloog vra: 'Wil God regtig hierdie onmenslike lyding? Waarom? Ek weet nie. Ek kry geen duidelike rede in Die Bybel waarom Hy nie net eenvoudig kan vergeef nie'.

Vergewing en versoening rus immers op betaling van skuld! God 'kan nie maar net eenvoudig vergeef' sonder herstel van reg nie. Hy sou Homself onreg aandoen as Hy die sonde van die mens ligtelik oor die hoof sou sien.

Die 'ingewikkelde offersisteem' van die Ou Testament is tog niks anders nie as 'n heenwysing na die offer wat Christus moet bring. Versoening deur voldoening. Dit leer kinders reeds van jongs af. Dit is werk wat in die kerkisasie behandel word. Dit is die kern van ons geloofsbelofte. Daarop sê ons van harte ja en amen. Maar die professor weet nie.

Weliswaar kom hy diep onder die indruk van die wonder van God se genade. Saam met hom kan en wil ons nie anders as om diep dankbaar te wees vir die feit dat Christus Homself in ons plek geoffer het nie. Tog bly die 'onkunde' van professor König my hinder. Kennis van ellende, van God se regverdige straf oor sonde, van ewige oordeel wat op Golgota losbars sodat daar ewige verlossing kan wees – daardie kennis is lewensnoodsaaklik. Dit is onmoontlik dat 'n kind van God wat sy verlossing buite homself in Christus soek, nie weet nie dat die Vader 'regtig die onmenslike lyding' as straf op sonde eis. 'Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom' (Jesaja 53:5).

Kan 'n mens siende blind wees?